HEBREW PEOPLE BIED AAN



# HEBREEUS IS LEKKER MAKLIK!

Werkboekie vir die Kursus

deur
Tiaan Nel

# שָׁלוֹם

Welkom by hierdie wonderlike reis om Hebreeus te leer! Dankie dat jy saam met ons leer en dat ons hierdie pad saam met jou mag stap.

Moet asb nie hierdie werkboek kopieër of versprei nie.
As jy belangstel in ons leermateriaal, kontak Tiaan gerus.

Die aanlyn lesse is beskikbaar op www.kolkallah.com

Stuur jou huiswerk asseblief altyd direk vir Tiaan Nel:

tiaan@hebrewpeople.com

+27 82 097 0408

Geniet die lesse!

*Drukkervriendelike idee: stel jou drukker in om vanaf die tweede bladsy te begin druk en in swart en wit te druk.*

Die lesse is op ‘n donasie basis. Donasies is welkom en kan hier inbetaal word:
T Nel
Absa Bank
9178127919
Tjek rekening

Kyk gerus na die opnames van die lesse om die konsepte in elke eenheid te verstaan. Die regte uitspraak en belangrike wenke word in die opnames gegee.

**Kleur kodes:**
In Hebreeus word voornaamwoorde, werkwoorde en byvoeglike naamwoorde in manlike en vroulike geslagte gekategoriseer . Ons sal die volgende kleurkodes gebruik om dit vir jou makliker te maak:
Blou vir manlike woorde of die manlike manier om iets te sê
Rooskleur vir vroulike woorde of 'n vroulike manier om iets te sê
Groen vir woorde wat vir manlik en vroulik gebruik word

Ons begin hierdie week met hersiening en gaan dan aan met maklike sinnetjies, nuwe werk- en vraagwoorde, teenoorgesteldes en ‘n nuwe Bybelvers. Geniet die les!

*Hersiening: Ons het verlede week die nommers van 1 – 10 geleer. Probeer asb om hulle so vinnig as moontlik te memoriseer, want, soos julle weet, gebruik ons daagliks nommers in ons gesprekke.*

| Afrikaans | Hebreeus | Plek om te oefen |
|---|---|---|
| Een | אַחַת | |
| Twee | שְׁתַּיִם | |
| Drie | שָׁלֹשׁ | |
| Vier | אַרְבַּע | |
| Vyf | חָמֵשׁ | |
| Ses | שֵׁשׁ | |
| Sewe | שֶׁבַע | |
| Agt | שְׁמוֹנֶה | |
| Nege | תֵּשַׁע | |
| Tien | עֶשֶׂר | |
| *Nul* | אֶפֶס | |

**Ons het al geleer** hoe om mekaar te groet op verskeie maniere en vandag leer ons hoe om ‘totsiens’ te sê. Dis letterlik die betekenis van die Hebreeuse woord: Tot weersiens!

| | |
|---|---|
| | לְהִתְרָאוֹת |

**Persoonlike voornaamwoorde:**

| | | |
|---|---|---|
| Ek (is) | אֲנִי | |
| Jy (is) | אַתָּה | |
| Jy (is) | אַתְּ | |
| Ons (is) | אֲנַחְנוּ | |

Ons almal weet uit ons eie taal hoe gereeld persoonlike voornaamwoorde gebruik word! Leer hulle asb uit jou kop uit en gebruik hulle gereeld.

**Werkwoorde – die ruggraat in elke taal**

Werkwoorde is so belangrik in elke taal, maar veral in Hebreeus. Met ‘n werkwoord sê ons wat ons doen en deur te kyk na die vervoeging van die werkwoorde in Hebreeus, weet ek watter persoon die aksie doen (man, vrou, groep mans, groep vroue).

In les 104 het ons na die werkwoord ‘vlieg’ gekyk.

**Werkwoord: vlieg** *(les 104)* (לָטוּס)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vroulik enkelvoud | טָסָה | טָס | Manlik enkelvoud |
| Vroulik meervoud | טָסוֹת | טָסִים | Manlik meervoud |

Vandag leer ons nog ‘n paar werkwoorde. Probeer om hulle dadelik te memoriseer. Daar word gesê dat ‘n mens met 300 werkwoorde ‘n taal goed kan praat!

**Werkwoord: wil / wil hê** (לִרְצוֹת)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vroulik enkelvoud | רוֹצָה | רוֹצֶה | Manlik enkelvoud |
| Vroulik meervoud | רוֹצוֹת | רוֹצִים | Manlik meervoud |

Saam met woorde soos avocado, koffie, water, suurlemoen, ens. wat ons alreeds geleer het, kan jy met hierdie werkwoord wonderlike sinne maak of vrae vra!

| | |
|---|---|
| מַה אַתְּ רוֹצָה? אֲנִי רוֹצָה מַיִם. | |
| אֲנַחְנוּ רוֹצִים מִיץ. | |
| אֲנִי רוֹצֶה קוֹקָה קוֹלָה. | |
| אֲנִי רוֹצָה קוֹקָה קוֹלָה. | |

**Let wel:** Wanneer die werkwoord ‘wil (hê)’ voor ‘n ander werkwoord gebruik word, moet daardie werkwoord in die *infinitief (basiese vorm)* wees. As ek dus wil sê ‚Ek wil vlieg‘, dan word ‘vlieg’ nie vervoeg nie, maar bly in sy basiese vorm, sy infinitief. In Tiaan se lesse en in ons werkboekies is dit díe vorm van die werkwoord wat heel bo langs Afrikaans in hakies staan.

| | |
|---|---|
| אֲנִי רוֹצֶה לָטוּס. | |
| אֲנִי רוֹצָה לָטוּס. | |
| אֲנַחְנוּ רוֹצוֹת לָבוֹא לְדְרוֹם אַפְרִיקָה. | |

**Werkwoord: kom** (לָבוֹא)


| | | | |
|---|---|---|---|
| Vroulik enkelvoud | בָּאָה | בָּא | Manlik enkelvoud |
| Vroulik meervoud | בָּאוֹת | בָּאִים | Manlik meervoud |

Oefen asb. om elke werkwoord in sy verskeie vorms saam met die persoonlike voornaamwoorde te vervoeg:

| **Vlieg** (infinitief) | לָטוּס | | |
|---|---|---|---|
| Ek vlieg (manlik) | | טָס | אֲנִי |
| Ek vlieg (vroulik) | | טָסָה | אֲנִי |
| Jy vlieg (manlik) | | טָס | אַתָּה |
| Jy vlieg (vroulik) | | טָסָה | אַתְּ |
| Ons vlieg (manlik) | | טָסִים | אֲנַחְנוּ |
| Ons vlieg (vroulik) | | טָסוֹת | אֲנַחְנוּ |

| **wil (wil hê)** (infinitief) | לִרְצוֹת | | |
|---|---|---|---|
| Ek wil (manlik) | | רוֹצֶה | אֲנִי |
| Ek wil (vroulik) | | רוֹצָה | אֲנִי |
| Jy wil (manlik) | | רוֹצֶה | אַתָּה |
| Jy wil (vroulik) | | רוֹצָה | אַתְּ |
| Ons wil (manlik) | | רוֹצִים | אֲנַחְנוּ |
| Ons wil (vroulik) | | רוֹצוֹת | אֲנַחְנוּ |

| **kom** (infinitief) | לָבוֹא | | |
|---|---|---|---|
| Ek kom (manlik) | | בָּא | אֲנִי |
| Ek kom (vroulik) | | בָּאָה | אֲנִי |
| Jy kom (manlik) | | בָּא | אַתָּה |
| Jy kom (vroulik) | | בָּאָה | אַתְּ |
| Ons kom (manlik) | | בָּאִים | אֲנַחְנוּ |
| Ons kom (vroulik) | | בָּאוֹת | אֲנַחְנוּ |



| |
|---|
| **Opdrag:**<br>Skryf asb die dialoog tussen Abraham en Sarah in die spraakborrel.<br>- Goeie môre, Sarah!<br>- Wil (jy) water (hê)?<br>- Nee, Abraham. Ek wil nie water (hê) nie. Ek wil (‘n) suurlemoen (hê).<br>- Okay!<br>*(Hierdie week hoef jy nie ‘n glimlag op Sarah se gesig te teken nie – dis ‘n suurlemoen gesiggie daai!)* |

**Teenoorgesteldes:**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | links | שְׂמֹאל | ≠ | יָמִין | regs | |
| | seun | בֵּן | ≠ | בַּת | dogter | |
| | op | לְמַעְלָה | ≠ | לְמַטָּה | af | |

**Hersiening:**

| | | |
|---|---|---|
| in | ...בְּ | |
| die | ...הַ | |
| na | ...לְ | |
| en | ...וְ | |

**Onthou asseblief** dat die bogenoemde letters eintlik WOORDE is en dat elke woord aan ‘n volgende woord gekoppel word, soos wat ons in Afrikaans voorvoegsels gebruik.

| | |
|---|---|
| | אֲנִי בָּא בְּשֵׁשׁ בְּבּוֹקֶר. |
| | לְהִתְרָאוֹת. |
| | יָמִין וְשְׂמֹאל. |
| | הַהֶמבּוּרגֶר. |

**Vraagwoord:**

1. **Waarheen?** (לְאָן?)


| | |
|---|---|
| | לְאָן? |
| | לְאָן אַת טָסָה? אֲנִי טָסָה לְגֶרמָנְיָה. |

**Let wel:** Wanneer ons die vraag ‘waarheen?’ (לְאָן) vra, moet die antwoord die woord vir ‘na’ ...לְ in hom hê. In ons voorbeeld kan jy sien dat ‘na’ direk voor ‘Duitsland’ staan.

2. **Hoeveel?** (כַּמָּה?)

| | |
|---|---|
| | כַּמָּה ? |

**Opdrag:**
Vra vir elke prentjie die vraag 'hoeveel?' en skryf die getalle in Hebreeus neer.

| | |
|---|---|
|  |   |
|  |  |
|  |  |

**Woordeskat**

| **Hebreeus** | | **Afrikaans** |
|---|---|---|
| מִיץ | | sap |
| דְרוֹם אַפְרִיקָה | | Suid-Afrika |
| גֶרְמַנְיָה | | Duitsland |
| הוֹלַנְד | | Holland |
| כַּמָּה? | | Hoeveel? |
| לְאָן? | | Waarheen? |
| לְהִתְרָאוֹת | | Totsiens |
| הֶמבּוּרגֶר | | Hamburger |
| קוֹקָה קוֹלָה | | Coca-Cola |
| מַיִם | | water |
| בְּסֵדֶר | | okay |

**Notas:**

**Bybelvers:**
Om die dieper geestelike betekenis van die Bybelvers te verstaan, kyk asb na die opname. Daar is soveel skatte wat ons in Hebreeus kan ontdek! *Wat is byvoorbeeld die verskil tussen Elohim (Genesis 1:1) en Eloheinu in die week se Skrifgedeelte?*

**Deuteronomium 6:4 / Markus 12:29**

| | | |
|---|---|---|
| Hoor / luister *(en wees gehoorsaam?)* | | שְׁמַע |
| Israel (*God se verbondsvolk*) | | יִשְׂרָאֵל |
| YOD-HE-VAV-HE (Adonai) (HERE) | | יהוה |
| ons God | | אֱלֹהֵינוּ |
| YOD-HE-VAV-HE (Adonai) (HERE) | | יהוה |
| (is) Een | | אֶחָד |

**Huiswerk:**
Skryf hierdie Bybelvers asb in Hebreeus neer. Stuur ook asseblief vir Tiaan 'n stem nota waar jy hierdie vers lees of opsê.

Onthou asb om jou huiswerk en enige vrae wat jy het vir Tiaan te stuur!

## Bonus-Woord vir die Suid-Afrikaners:




עַל + הַ + אֵשׁ
op + die + vuur